BLOEMFONTEIN BAPTISTE

**29 Maart 2026**

# Palmsondag: Here, red ons!

**Joh 11:57 NLV**

57Die priesterhoofde en die Fariseërs het intussen reeds opdragte uitgevaardig dat as iemand weet waar Jesus Hom bevind, hy die inligting moes deurgee sodat hulle Hom kon arresteer.

**Mat 21:1-8 (NLV)**

1Toe Jerusalem begin naderkom, het Jesus en sy dissipels die dorpie Betfage, geleë teen die Olyfberg, bereik. Hy het twee dissipels vooruit gestuur

2met die opdrag: "Gaan na die dorpie hier reg voor julle, en julle sal 'n donkie daar vasgemaak sien staan met 'n vul by haar. Maak hulle los en bring hulle hier vir My.

3As iemand protesteer, sê dan: 'Die Here het hulle nodig. Hy sal hulle nou-nou terugstuur.'"

4Dit het gebeur om die profesie te laat vervul:

5"Sê vir die volk van Israel: 'Kyk, julle Koning kom na julle toe. Hy is saggeaard en Hy ry op 'n donkie, ja, op die vul van 'n pakdier.'"

6Die twee dissipels het toe gegaan en gemaak soos Jesus hulle beveel het.

7Hulle het die donkie en haar vul gebring, hulle bo-klere op hulle gesit en Jesus het op die donkie gaan sit.

8Die grootste deel van die skare het hulle bo-klere op die pad voor Jesus oopgegooi en ander het takke van die bome afgekap en dit oor die pad uitgesprei.

## #1 _______________ die Koning.

1.1 Waar in my lewe sukkel ek om Jesus as Koning te erken?

---

1.2 Hierdie week wil ek Jesus as Koning erken in hierdie area van my lewe:

---

## #2. _______________ jou grootste probleem.

2.1 Wat is 'n sonde of 'n hartshouding wat die Here vandag vir my wys:

---

2.2 Vandag kies ek om hierdie (sonde) area na God te bring:

---

## #3. __________________ Sy genade.

3.1 Wat beteken Jesus se kruisdood vir my persoonlik?

---

3.2 Toewyding: Ek gaan hierdie week bewustelik leef in dankbaarheid vir die kruis deur:

---

## #4. _________________ die Koning.

4.1 Watter karakter aanpassing sou God graag by my wou sien?

---

4.2 Wat is 'n stap wat ek die week kan doen om nader te kom aan die bogenoemde ideaal?

---

---

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*

## #5. _________________ met aanbidding

**Luk 19:37-40 (NLV)**

37Toe Hy naderkom, reeds op die afdraand van die Olyfberg, het die groot skare
dissipels God uit volle bors begin loof en prys oor al die kragtige dade wat hulle
gesien het. 38Hulle het gesing: "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die
Here, die Koning! Vrede in die hemel en heerlikheid in die hoogste hemele!"
39Sommige van die Fariseërs uit die skare het vir Jesus gesê: "Leermeester,
bestraf jou dissipels!" 40Jesus het gereageer: "Ek sê vir julle, as hulle stilbly, sal
die klippe dit uitroep!"

**Op 5:2-5 (2020)**

2Ek het ook 'n sterk engel gesien, wat met 'n harde stem uitroep: "Wie is
waardig om die boekrol oop te maak en die seëls daarvan te breek?" 3Niemand
– nie in die hemel, nie op die aarde, nie onder die aarde – was egter in staat om
die boekrol oop te maak of daarin te kyk nie. 4Ek het baie gehuil, omdat daar
niemand gevind kon word wat waardig is om die boekrol oop te maak of daarin
te kyk nie. 5Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Hou op huil! Kyk, die Leeu uit
die stam van Juda, die wortel van Dawid, het oorwin, sodat Hy die boekrol en
die sewe seëls daarvan kan oopmaak."

5.1 Een rede waarom Jesus vir my waardig is:

5.2 Ek wil Jesus eer deur hiedie week, hierdie geestelike praktyke te doen:

☐ **Gebed**

☐ **Bybel lees**

☐ **Dankbaarheid**

☐ **Iemand dien**

☐ **Iemand vergewe**

☐ **Ander: ________________________________________**

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*